

wat die telefoniese onderhoud opsie gekies het, kan die identiteit van die Stats SA-veldwerker bevestig deur middel van die unieke nommer wat verskaf sal word deur die personeel wat die huishoudings kontak. Respondente kan die unieke nommer gebruik om die persoon wat hulle gekontak het aanlyn te verifieer by: <http://www.statssa.gov.za/Fieldworkerverification/home.php>

Oor Statistieke Suid-Afrika (Stats SA)



Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) is 'n staatsdepartement wat ingevolge die Wet op Statistieke 'n mandaat het om amptelike statistieke te versamel, verwerk, ontleed en versprei.

Het u geweet?

Huishouding

verwys na 'n persoon of groep persone wat dieselfde wooneenheid (of 'n gedeelte daarvan) deel. Die mense wat saam bly en hulpbronne deel as 'n eenheid is 'n huishouding.

Wooneenheid

is 'n struktuur of deel van 'n struktuur of 'n groep strukture wat bewoon of bedoel is om bewoon te word deur een of meer huishoudings.

Hawelose bevolking

verwys na persone met geen vorm van skuiling en geen vaste woonadres nie.

Stats SA-veldwerker

is 'n persoon wat individue of huishoudings in 'n spesifieke opnemersgebied besoek om vraelyste vir statistiese doeleindes te voltooi.

Spesiale wooninstellings (SWI's)

is instansies wat gemeenskaplike akkommodasie verskaf waar mense oorslaap, en word onderskei deur die verblyfperiode en dienste wat gelewer word. Die soort akkommodasie is gewoonlik beskikbaar vir verskillende redes wat werk, studie, spesiale behoeftes, wetlike vereistes en ontspanning insluit. Voorbeelde van SWI's is weermagbarakke, polisiewoonstelle, universiteitskoshuise, versorgingsentrums en hospitale.

Transiënte bevolking

verwys na persone wat gedurende die sensusvooraand aan die beweeg is en nie die volgende dag na hulle gewone woonplek terugkeer nie, bv. vragmotorbestuurders, mense wat die land na middernag verlaat op sensusvooraand, ens.

Vir meer inligting oor Sensus 2022, kontak asseblief:

Tolvrye nommer:
0800 110 248

Facebook:
StatsSA

Webwerf:
www.statssa.gov.za

Twitter:
@statssa

E-pos:
census2022@statssa.gov.za

Vir inligting oor Sensus 2022 in u provinsie, kontak asseblief:

PROVINSIE	KONTAK PERSOON
Oos-Kaap	Freddie September E-pos adres: FreddieS@statssa.gov.za Tel: 043 707 4900 Sel: 071 681 6419
Vrystaat	Themba Guma E-pos adres: thembagu@statssa.gov.za Tel: 051 412 7503 Sel: 082 888 2259
Gauteng	Judas Ngobeni E-pos adres: JudasN@statssa.gov.za Tel: 011 781 3506 Sel: 082 907 4950
KwaZulu-Natal	Gabriel Dlamini E-pos adres: GabrielD@statssa.gov.za Tel: 031 360 0671 Sel: 079 513 7219
Limpopo	Kgaogelo Mathekga E-pos adres: KgaogeloM@statssa.gov.za Tel: 015 295 3300 Sel: 082 888 2450
Mpumalanga	Oscar Ndou E-pos adres: OscarN@statssa.gov.za Tel: 013 762 0000 Sel: 071 608 4771
Noord-Kaap	Bonakele Phuzi E-pos adres: BonakeleP@statssa.gov.za Tel: 053 802 6800 Sel: 079 510 5004
Noordwes	Philemon Selemela E-pos adres: PhilemonS@statssa.gov.za Tel: 018 384 2879 Sel: 082 941 0697
Wes-Kaap	Vanessa Wiener E-pos adres: VanessaM@statssa.gov.za Tel: 021 481 5528 Sel: 082 805 6277



CENSUS 2022

#GETCOUNTED

Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) sal die Sensus van **Februarie tot Maart 2022** onderneem

#

PARTICIPATE IN CENSUS 2022

IMPROVING LIVES THROUGH DATA ECOSYSTEMS



stats sa

Department:
Statistics South Africa
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

#GETCOUNTED

Wat is 'n Sensus?



'n Sensus is 'n volledige telling van 'n bevolking waartydens alle mense, insluitend kinders, babas, haweloses en buitelandse burgers binne die landsgrense getel word. 'n Sensus versamel data rakende 'n land se sosio-ekonomiese dinamika – mense se lewensomstandighede, toegang tot basiese dienste, inkomste, ens.

Stats SA het sedert die aanvang van demokrasie drie sensusse onderneem: in 1996, 2001 en 2011. Die data wat tydens 'n sensus versamel word, word gebruik vir beplanning, beleidsformulering en om besluite op grond van bewyse te neem. Die resultate van 'n sensus vorm die grondslag vir begrotingstoekennings regoor plaaslike, provinsiale en nasionale regering. Dit verskaf ook klein area data aan munisipaliteite om in hulle Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP) te gebruik.

Wie word getel?



- Almal binne die landsgrense van Suid-Afrika, met die uitsondering van diplomate. Dit sluit die volgende in:
- Individue in 'n gewone huisopset (in wooneenhede).
- Individue in spesiale wooninstellings (SWI's) – hotelle, gastehuisse, lughawens, gevangenis, hospitale, ens.
- Die hawelose bevolking.
- Persone wat aan die beweeg is gedurende sensusvooraand en wat nie die volgende dag na hulle gewone woonplek terugkeer nie, bv. vragmotorbestuurders, mense wat die land verlaat na middernag op sensusvooraand (transiënte).
- Besoekers wat sensusvooraand in die land deurbring.

Hoe word die data versamel?



Individue in wooneenhede

Jy kies hoe jy getel wil word. Jy kan kies dat 'n Stats SA-veldwerker jou huishouding besoek en die vraelys voltooi met die gebruik van 'n digitale toestel, of jy kan die vraelys aanlyn voltooi of telefonies, waartydens 'n veldwerker jou sal kontak. Alle wooneenhede en bevolkings in huishoudings sal getel word vanaf 03 Februarie 2022. Dit sal nodig wees om jou huishouding te registreer deur die Sensus 2022 registrasieblad aanlyn te besoek by: getcounted.statssa.gov.za

Hawelose bevolking

Die hawelose bevolking sal op sensusvooraand getel word (02 Februarie 2022) in parke, strate/deuropeninge/voor winkels/sypaadjies, onder brûe, rivieroevers, stortingsterreine, verlate geboue en

voertuie. Die inligting sal deur Stats SA-veldwerkers versamel word.

Spesiale wooninstellings (SWI's)

Daar word verwag dat alle gemeenskaplike wooninstellings soos hospitale, gevangenis, sorgsentrums vir verswaktes, hotelle, B & B's en gastehuisse die nodige inligting aan Stats SA sal verskaf oor persone wat op sensusvooraand (02 Februarie 2022) in hulle instansies teenwoordig was. Enige verantwoordelike gesaghebbende persoon in die SWI kan die inligting verskaf deur die rekords/lêers op te laai of die aanlyn vraelys/skedule te voltooi, of dit kan telefonies verskaf word aan die Stats SA-inbelsentrum. Andersins kan 'n Stats SA-veldwerker die persooninligting op sensusvooraand by die instelling versamel.

Transiënte bevolking

Data sal op sensusvooraand (02 Februarie 2022) onder die transiënte bevolking versamel word. Dit sal slegs plaasvind by plekke soos grensposte, hawens, lughawens, oornagvragmotorhaltes en bushaltes. Die inligting sal deur Stats SA-veldwerkers versamel word.

Neem kennis dat alle COVID-19 reëls nagekom sal word wanneer Stats SA-veldwerkers onderhoude van aangesig tot aangesig voer.



Watter vrae word in 'n Sensus vraelys gevra?



Sensus versamel data oor maatskaplike en ekonomiese aspekte soos demografie, migrasie, gesondheid, onderwys, werk, fertiliteit, mortaliteit, behuising, huishoudelike goedere en dienste asook landbou-aktiwiteite.

Natellingopname (NTO) 2022



Stats SA onderneem 'n onafhanklike opname genaamd die Natellingopname (NTO) as deel van kwaliteitsevaluering. Die NTO 2022 sal kort na afloop van dataversameling vir Sensus 2022 onderneem word, en net in geselekteerde areas. Dataversameling sal onderneem word vanaf Maart tot April 2022. Die NTO 2022 is belangrik aangesien dit die akkuraatheid en omvang van die sensus meet. Dit help ook om vas te stel hoeveel huishoudings en persone verkeerdlik ingesluit, uitgesluit of meer as een keer getel is gedurende Sensus 2022.

Sal my inligting vertroulik gehou word?



Stats SA verkry sy mandaat van die Wet op Statistieke (Wet No. 6 van 1999). Ingevolge artikel 17 van die Wet

moet alle inligting rakende individue en hulle huishoudings as vertroulik hanteer word. Die inligting mag NIE met enige ander staatsdepartement of privaat entiteit gedeel word nie. Artikel 18 (e & g) van die Wet bepaal dat enige Stats SA-amptenaar wat die Wet oortree, by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete van hoogstens R10 000 of gevangenisstraf van hoogstens ses maande, of beide. Stats SA sal NIE vra vir inligting rakende u bankbesonderhede, u politieke affiliasie of betaling om aan die sensus deel te neem nie.

Is deelname aan die Sensus verpligtend?



Ingevolge artikel 16 (2) van die Wet op Statistieke, word alle persone verplig om vrae te antwoord wat aan hulle gestel word deur 'n gemagtigde Stats SA-amptenaar, wanneer so versoek word.

Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet No. 04 van 2013 (POPIA)



Artikel 3 van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting maak voorsiening dat die Wet nie op so 'n manier geïnterpreteer mag word dat dit 'n openbare of privaat instansie verhoed om sy magte en pligte ingevolge 'n wet uit te voer nie, insover die wet verband hou met die verwerking van persoonlike inligting.

Dit beteken dat jy nie mag weier om aan die sensus deel te neem deur na die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting te verwys nie, aangesien dit Stats SA daarvan sal verhoed om sy magte en pligte ingevolge die Wet op Statistieke uit te voer, en u sal artikel 16 (2) van die Wet op Statistieke oortree.

Wat gebeur as ek weier om deel te neem aan die Sensus?



Dit is 'n oortreding om te weier om vrae te antwoord wat in terme van artikel 16 (2) aan jou gestel word. By skuldigbevinding kan jy deur 'n bevoegde gereghof gevonnissen word tot 'n boete van hoogstens R10 000, tronkstraf van hoogstens 6 maande, of beide 'n boete en tronkstraf.

Hoe kan ek 'n Stats SA-veldwerker identifiseer?



Stats SA-veldwerkers kan geïdentifiseer word deur die amptelike Stats SA-identifikasiekaart (ID) wat die Stats SA-logo en 'n foto van die veldwerker vertoon, en hulle sal Sensus 2022 oorhempde dra. Veldwerkers se foto's en besonderhede sal ook op die Stats SA-webwerf beskikbaar wees vir verifikasie. Respondente kan ook die Sensus 2022 tolvrye nommer kontak (0800 110 248) om die identiteit van veldwerkers wat hulle huise besoek te bevestig. Diegene